# Regeringspartye En Die Twee Verkiesings

**Suid-Afrika ondervind tans weer opnuut dat die maneuwales van 'n simpatieke parlementêre opposisie-party heelwat meer skouspelagtig van aard is as die prosaïse verantwoordelikheidsin wat 'n regerende party moet openbaar.**

Die opposisieparty het gedurende die afgelope paar weke sy volgelinge by die duisende saamgetrek in die groot stede van ons land ten einde aan die opposisieleier 'n geleentheid te gee om 'n hopelik imponerende veldtog van stapel te stuur vir die rehabilitasie van sy party met die oog op die komende provinsiale raadsverkiesing. Veldm. Smuts het die verwagte wonderbaarlike aanpassingsvermoë van die ervare partypolitikus geopenbaar — sonder 'n oomblik se aarseling het hy die waardige kleed van „wêreldstaatsman" van hom afgeskud en ontluik as 'n geniepsige en tjurang bakleier in die partypolitieke kryt.

En dit wil voorkom dat hoewel die nerwe van sy reputasie soms gewaai het, hy tog die hond. plek-plek lelik haaraf gemaak het.

Die politieke korrespondente van regeringsblaaie was besonder nukkerig sedert veldm. Smuts op toer gegaan het: telkemale moes hulle noodgedwonge herhaal, en dan weer 'n slag herhaal terwille van die ongelowiges dat die Verenigde Party van bo tot onder oopgeklowe is deur die liberalistiese kleurbeleid van mnr. Hofmeyr; dat mnr. J. H. Hofmeyr en sy swart liberaliste uitgekaffer gaan word uit die party uit; en dat die Verenigde Party en sy leiers in ieder geval verworpelinge is wat op 26 Mei in die buitenste duisternis gewerp is.

Ten spyte van die dapper woorde het die opposisieleier voortgegaan met sy stedetog en voorbereidings vir die aanstaande provinsiale raadsverkiesings, hoewel daar in die party 'n groot soektog aan die gang is na 'n aanneemlike formulering van naturellebeleid.

SENAAT ONTBIND

Eindelik het die regering besluit om die angel uit die provinsiale verkiesing te haal deur die Senaat te ontbind, en die hersamestelling van die Hoërhuis nie afhanklik te maak van die uitslag van die provinsiale verkiesings nie. Moontlik sal die verkiesing nou met minder intensiteit gevoer word.

**Die feit dat veldm. Smuts uit sy pad gaan om onomwonde te verklaar dat mnr. Hofmeyr beslis nie die onderleier van die V.P. is nie, slaan 'n lelike bres in sy propagandaverwyte teen die Nasionale Afrikaners vir hul beweerde „misleiding" van die kiesers ten aansien van die Hofmeyr-kleurbeleid. As daar niks verkeerd is met mnr. Hofmeyr se kleurbeleid nie, waarom mag hy dan nie onderleier van die party wees nie? En as daar iets verkeerd is met sy kleurbeleid dan is die kiesers mos nie daaromtrent mislei nie.**

Hoewel veldm. Smuts sy party heelwat moed ingeblaas het ty-

**Politiek in Oënskou deur Waarnemer**

dens sy toer van die stede, het hy die volk tog glad nie gerusgestel oor die kleurvraagstuk en mnr. Hofmeyr se liberalisme nie. Meer as praatjies oor misleiding is daarvoor nodig.

TOETS VIR SAMEWERKING

Daar is drie aangeleenthede wat in die nabye toekoms aanduidings gaan gee van die hartlikheid en vertroue wat daar tussen die H.N.P. en die A.P. heers.

'n Nuwe Senaat moet eersdaags saamgestel word. Die regering kan agt senatore aanstel. **Hoeveel van hulle sal A.P.-lede wees? En hoeveel A.P.-senatore sal die H.N.P. en A.P.-volksraad- en provinsiale raadslede kies?** Die A.P. het in Kaapland een senator, nl mnr. I. v.w. Raubenheimer, en in die Vrystaat twee, nl. senatore Reitz en Van Rensburg. Die A.P. het geen Transvaalse of Natalse senatore nie.

PROVINSIALE RADE

In die provinsiale rade van die provinsies het die A.P. tans geen lede nie: wanneer die verkiesings aanstaande Februariemaand plaasvind sal die A.P. beslis sy kwota van kiesafdelings moet bestry. Daar is nog nie onderhandel deur dr. Malan en mnr. Havenga oor die toekenning van setels nie — dus weet niemand nog hoeveel provinsiale setels die A.P. sal betwis nie. Tyens die volksraadverkiesing het die A.P. tien setels betwis en 'n onafhanklike A.P.-kandidaat het die elfde setel, Brakpan, betwis. Van die tien setels wat aan hom toegeken is het die A.P. nege verloor op die V.P. en in Brakpan het adv. John Vorster met twee stemme uitgeval. **Dit kan dus voorspel word dat aan die A.P. heelwat meer provinsiale setels toegeken sal word — in erkenning van mnr. Havenga se groot bydrae tot die parlementêre oorwinning.**

13de MINISTER

Daar is nog steeds sprake van 'n dertiende minister wat in die kabinet opgeneem gaan word. Enersyds word die naam van mnr. Jan Viljoen, die A.P.-lid vir Vryburg genoem — wat 'n versterking van die A.P. in die kabinet sal wees. Andersyds word gespekuleer oor die kanse van dr. Karl Bremer, voormalige H.P.N.-lid vir Stellenbosch. Dr. Bremer sou dan na die senaat gaan om die H.N.P.-aldaar te lei en as senator in die kabinet opgeneem word. Dr. D. F. Malan het hom egter nog nie oor hierdie saak uitgespreek nie.

RADIOTRONICS
(A. Perold en P. Brink)
Vir herstel en koop van
ELEKTRIESE APPARAAT
(Onderneem ook yskasherstelwerk, ankerontwikkeling en lê van kabels in huise en fabrieke)
Hoofstraat BELLVILLE
Foon 97-9114.

**ONS HET DIE ONDERSTEUNING VAN ADVERTEERDERS NODIG OM ONS BLAD UIT TE GEE, MAAR DIE ADVERTEERDERS HET ONS ONDERSTEUNING NODIG OM IN ONS BLAD TE KAN ADVERTEER.**

DKB
GROOTHANDELAARS BPK.
(Voorheen Die Kopersbond Bpk.)
KEEROMSTRAAT 52 - KAAPSTAD
FOON 3-0423 POSBUS 2120

*DAMESROKSTOWWE:*
Ons bied aan 'n groot verskeidenheid van damesrokstowwe (Morokyn, Satyn, Gesponne stowwe, Katoenstowwe), rokke, gebleikte en ongebleikte linne, gordynstowwe, onderklere, kouse, pantoffels, kindersokkies, krameryse, ens., ens.

*HEMDE:*
Verder ook mans wit en gestreepte hemde, sporthemde, dasse, baadjies, onderklere, werksbroeke, kakiehemde, slaappakke, sokkies, ens., ens.

**Dit sal kleinhandelaars betaal om met ons in verbinding te tree, hetsy deur kontak met ons reisigers of andersins. Persoonlike besoeke sal op prys gestel word**

*Die Firma wie se voorrade nie op u rakke bly lê nie.*

Verspreiders van TOOTAL fabrikate

# Partye Oorweeg Kanse In Senaat

**Verskeie aspirant-politici en kandidate wat gedurende die onlangse algemene verkiesing nie die paal kon haal nie, sien tans in die ontbinding van die senaat 'n gulde geleentheid om tot die kring van die parlement toe te tree. In elk van die vier provinsies het persone hulle reeds vir hierdie doel aangemeld. Dan is daar ook nog verskeie lede van die provinsiale raad en die afgetrede senatore wat begerig is om lede te word van die tweede kamer van verteenwoordiging.**

Die verkiesing van senatore wat op 29 deser plaasvind sal op gewone partylyne geskied. Die koukus van elke party kom byeen (L.V.'s en L.P.R.'s) en kies dan die getal senatore wat volgens die party se stemkrag senatore kan word. Hierdie kandidate word dan voorgestel aan die kieskollege, bestaande uit die volksraadslede en lede van die provinsiale raad van die betrokke provinsie wat dan agt senatore kies vir elke provinsie. Dit bring die aantal op 32. Daarby kom nog agt senatore wat deur die Goewerneur-generaal-In-Rade benoem word. Die vier naturelle verteenwoordigers word nie nou gekies nie omdat die ontbinding hulle nie raak nie. Daar is tans een vakature wat in November aangevul sal word.

KANSE

Die V.P. maak daarop staat om min of meer drie of vier senatore in Transvaal te kan kies. Die uitslag sal egter tot die laaste stadium onseker bly omdat dit nie seker is hoe die vyf vakatures in die kieskollege die uitslag sal beïnvloed nie. Dit laat aan die A.P.-H.N.P.-kombinasie vier of vyf senatore. **Dit is moontlik dat die regering vyf senatore in Transvaal kan kies.** Hoeveel aan die Afrikanerparty en H.N.P. toegesê sal word, is nog nie bekend nie.

Die regeringsgroep in elke provinsie het tot dusver die swye bewaar wie hul moontlike kandidate is. Waarskynlik sal van die afgetrede senatore weer verkies word. Die V.P. het reeds hul kaarte oopgegooi. Die volgende persone in Transvaal sal blykbaar voorkeur geniet: Mnr. C. W. Clark (wat teruggestaan het vir veldm. Smuts), mnr. Henry Tucker, V.P.-voorsitter aan die Rand, Sir George Albu, 'n bekende partypolitikus, mnr. D. Jackson wat in Ermelo uitgeval het, en die hele reeks oud-senatore.

KAAPLAND

**In Kaapland meen die regering om minstens drie lede senaat-toe te stuur. Dit kan ook meer wees. Die V.P. en hul makkers meen dat hulle vier lede sal kan kies.** Vir hierdie vier poste is daar reeds twaalf aspirante onder wie die verslane minister van naturellesake, mnr. Piet van der Byl, en kapt W. Hare wat by die V.P.-nominasie verslaan is. Dan is daar ook nog mnr. W. Humpfreys, die voormalige V.P.-lid vir Kimberley-stad wat weer tot die partypolitiek wil toetree. Die aspirante sluit ook die afgetrede senatore in.

In die Vrystaat kan die regeringskombinasie maklik sewe senatore kies. Die V.P. sal hoogstens een kan benoem. Op wie van die aspirante die keuse sal val, is nog nie seker nie..

In Natal is dit onwaarskynlik dat die Regering meer as een senator sal kan kies. Dit beteken sewe lede vir die V.P. en hul ondersteuners.

TOEKOMS

Wat die eindtotaal vir elke party sal wees, sal waarskynlik tot die einde in die weegskaal bly. Dit skyn egter asof die regering nie 'n meerderheid sal kan behaal nie maar hy sal minstens 21 lede in die senaat hê teenoor die opposisie se 22 wat ook die naturelle-verteenwoordigers insluit. Laasgenoemde sal dan waarskynlik die voorsitter aanwys wat net 'n beslissende stem het.

**Indien die regering net so goed vaar in die aanstaande provinsiale raadsverkiesings soos in die algemene verkiesing, sal hy as daar 'n vakature in die senaat ontstaan, in staat wees om in elke geval, behalwe in Natal, dit met 'n regeringsondersteuner aan te vul.**

# APARTHEID OP TREINE

Die neiging by sommige nie-blankes in die Skiereiland om tydig en ontydig tussen die blankes in te dring, veral op die voorstedelike treine, kom al meer en meer voor, volgens amptenare wat al jare lank die Kaapstadse publiek heen en weer per spoor vervoer. Dit word hoofsaaklik toegeskryf aan die feit enersyds dat daar nie genoegsame geriewe is waar die nie-blankes met selfrespek kan ry nie en andersyds omdat daar onder sommige nie-blankes 'n neiging is om die blankes uit te tart deur hul aanwesigheid.

Aan hierdie ongesonde toestand sal hopelik eersdaags 'n einde gemaak word, te oordeel na die uitlating van die Minister van Vervoer dat sy ondersoek na aparte treindienste vir blankes en nie blankes in Wes-Kaapland 'n gevorderde stadium bereik het. Stappe in hierdie verband, kan binne afsienbare tyd verwag word, aldus die Minister.

# Weste Breek Nog Steeds Duitse Fabrieke Af

**Onderwyl die Geallieerdes voorgee dat hulle alles in hul vermoë doen om Duitsland weer op die been te kry en aangekondig is dat fabrieke met behulp van geld onder die Marshallplan in Duitsland opgerig sal word, word Duitse fabrieke nog steeds afgebreek om as herstelbetalings te dien.**

**Verlede week is berig dat die Geallieerdes nuwe herstelbetalings ter waarde van sowat £14,000,000 ontvang het. Dit sluit 304 fabrieke of gedeeltes van fabrieksuitrusting in. Dit is uit Wes-Duitsland afkomstig.**

**Brittanje het aangekondig dat hy voorlopig ook die Russiese deel van die betaling sal hou totdat daar weer tot eenstemmigheid tussen die Geallieerdes geraak is.**

## DIE O.B.-LEIERS

# Bedrywige Gees Lei Vroue In Vrystaat



Genle. C. Meyer

**Generale C. Meyer, Vroueleidster van die Ossewabrandwag in die Oranje Vrystaat, wat nou weer aan die spits staan van die O.B.-dag-reëlings in daardie gebied, het 'n besondere voorliefde vir organisasiewerk en is nie gelukkig as sy nie een of ander funksie kan reël nie. Dit is ook om hierdie rede en haar besondere bekwaamheid dat sy op haas ontelbare komitees en liggame dien. Sy het ook 'n lewendige belangstelling in die politieke lewe en het vier jaar lank gedien as hoofbestuurslid van die Nasionale Party in Kaapland, maar het later haar onverdeelde aandag aan die Ossewabrandwag geskenk.**

Mevrou Meyer, wat nog in die beste van haar jare is, het haar opleiding te Prieska ontvang. Daarna is sy na Kaapstad waar sy gedurende 1927 en 1928 klasse aan die Universiteit van Kaapstad en Tegniese Kollege geloop het. Toe het sy reeds belang gestel in maatskaplike werk en deur middel van die C.S.V. het sy agterbuurtes en hospitale besoek en opheffingswerk gedoen.

GETROUD

Teen die einde van 1928 het sy in die huwelik getree met mnr. Justus Meyer, destyds skoolhoof van Warrenton. Na twintig jaar van skoolhou hoop mnr. Meyer om teen die einde van die jaar te kwalifiseer as prokureur. Hulle het twee kinders, 'n dogter en 'n seun. Eersgenoemde is tans aan die Universiteit van Stellenbosch terwyl die seun nog op hoërskool is.

Genle. Meyer het jare lank aktief deelgeneem aan die organisasie van die Nasionale Party en gedurende verkiesings het sy 'n groot rol gespeel. Sy was voorsitster van die vroue-tak van Warrenton, sekretaresse van die distriksbestuur en vier jaar lank lid van die Kaaplandse hoofbestuur van die party. Na die skeuring is verdere lidmaatskap tot die party haar verbied. Sy het die kiesafdelings Kimberley, Hopetown, Vryburg en Kuruman op die hoofbestuur verteenwoordig.

VEELVULDIG

Mev. Meyer en haar eggenoot het jare lank op Warrenton gewoon maar woon tans op Christiana. Tydens haar verblyf op Warrenton was sy voorsitster van die Vroue-landbouvereniging, veldkornette en provinsiale bestuurslid van die Voortrekkers, bestuurslid van die R.D.B., C.J.V. en van die Armsorgvereniging. Sy het ook verskeie kongresse bygewoon. Tans is genle. Meyer sekretaresse van die Transvaalse Sendingvereniging, lid van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie, bestuurslid van die R.D.B. en Kultuurvereniging en sekretaresse van die Jukskeiwyksbond.

SPORT

Sedert die stigting van die Ossewabrandwag was mev. Meyer kommandante van die O.B.-vroue te Warrenton, toe lid van die Vroue-adjunkraad van Kaapland en later van die Vrystaat. Sedert 1942 is sy hoofvrou van die Ossewabrandwag in die Vrystaat en ook lid van die Grootraad.

Genle. Meyer speel graag tennis en jukskei en het reeds twee keer vir Griekwas op Uniale jukskeiwedstryde verteenwoordig.

# OLIE IN V.S.A.

Amerika het verlede jaar meer olie gebruik as wat die hele wêreld saam tien jaar gelede verbruik het en die verbruik styg nog steeds. Volgens skatting sal die V.S.A. vanjaar minstens sewe persent meer olie gebruik as verlede jaar.

## Franse Regering Bedank

Die Franse regering is Maandag verslaan toe die militêre begroting deur die Nasionale Vergadering verwerp is, berig Sapa-Reuter.

Schumann het sy bedanking ingedien nadat hy agt maande lank 'n middeweg-regering probeer handhaaf het.

## BAIE GEWILDE SETEL

Die pos as lid van die volksraad skyn by die dag meer gewild te word, te oordeel na die groot aantal aspirant-kandidate vir die vakante kiesafdeling Groenpunt. Tot dusver het 15 persone, onder wie twee vroue, hulle aangemeld as aspirante. Die feit dat die salaris tans £1000 per jaar is en daar skynbaar geen verkiesingstryd gevoer sal word nie, sal seker ook wel bydra tot die stormloop.

# BAIE GROTER KRAG AS LEDETAL

**Hoe die Kommuniste deur middel van hul beheer oor 'n land se vakbonde in staat is om mag uit te oefen ver buite verhouding tot hul getalsterkte, is opnuut die afgelope week geopenbaar toe 7,000,000 Italiaanse werkers binne enkele ure onder Kommunistiese aanvoering gestaak het uit protes teen die sluipmoordpoging op die leier van die Italiaanse Kommuniste, Togliatti.**

**Die lidmatskap van die Italiaanse Kommunistiese party staan tans volgens hul eie syfers op 2,500,000. Maar hulle is in beheer van die sleutelmagte van die land: in elke Italiaanse vakbond, behalwe in die tekstielbedryf, het hulle hulself so ingegrawe dat hulle in staat was om die hele land lam te lê.**

Vir Suid-Afrika is hierdie magsvertoon van die Kommunisme 'n duidelike vingerwysing. Hier tel die ledetal van die Kommuniste nie veel nie, maar soos ook elders het hulle hul stewig ingegrawe in die vakbondwese en reeds getoon waartoe hulle in staat is wanneer hulle met oningeligte nie-blankes te doen het.

**Die Verenigde Party en sy pers maak hulle dus skuldig aan 'n gevaarlike spel wanneer hulle beduie hoe swak die Kommuniste in Suid-Afrika is op grond van hul lidmaatskap.**

EEN VIR ALMAL,
ALMAL VIR ELKEEN

# KOMMANDO GROEI OP UITENHAGE

**Elke O.B.-lid van die Uitenhage-kommando is tans aan die woel en die offisiere spog reeds met 'n groeiende eenheid. Persone wat sewe jaar gelede verplig was om hul aktiewe deelname aan die O.B. te staak, tree tans weer toe tot die Beweging. Hulle het sewe jaar lank trou gebly aan hul belofte.**

Die weeklikse O.B.-aand is weer aan huis van Brandwag L. J. Scheepers gehou. Die funksie was nog meer suksesvol as die vorige en 'n mooi bedraggie is ingesamel. In sy welkomswoord het mnr. Scheepers melding gemaak van die baie nuwe gesigte wat weer aanwesig is, dit staan in die teken van die groei van die kommando.

Kommandant D. F. de Swart en adjudant A. P. van der Wat is druk besig om lede in te skryf en werk tot saans laat hieraan. Nuwe intekenare word ook gewerf. — (Korr.)

ONS HELP HULLE WAT ONS HELP. DIE ADVERTEERDERS HELP ONS.

„Ek geniet hul aangename geur"

sê Mnr. S. Lessing, Staatsamptenaar, Pretoria.



Ek rook die afgelope tien jaar al Springbok sigarette maar ek het nog niks gevind nie wat kan kers vashou vir Springbok nie! Ek geniet hul aangename volle geur, hul koelheid en hul ekstra grootte.

Meer mans rook Springbok as enige ander sigaret!

*Soos aangetoon deur gereelde maandelikse opnames deur die J. Walter Thompson Maatskappy gedurende 1948.*

Dwarsdeur die Unie het manne van alle stande—skrynwerkers, klerke, maatskappy-direkteure—oorweldigend hul keuse uitgebring op Springbok. *Geniet Suid-Afrika se Vooraanstaande Sigaret. Probeer Springbok Vandag.*

*„Hulle bevredig en ek hou van hul egte tabakgeur."*



SPRINGBOK
DIE SPORTMAN SE SIGARET

20 vir 1/- Ook in pakkies van 10 en 50. Met en sonder kurkmondstuk.

U/S.347

ADVERTEERDERS IN „DIE O.B." IS MENSE WAT ONS ONDERSTEUN. DINK ONS OOK DAARAAN OM HULLE TE ONDERSTEUN?

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE (Edms.) Bpk

MOREMARK (Posbus 7185) Newtee

O.B.-BUNDELS

Jaargang 1946-47

Prys £1 5s. (kontant met bestelling)

Groote Kerkgebou 703, Kaapstad.

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT

Die Voortrekker-Apteek

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.



WEES BESKERM!

MOTOR-Assuransie by—

SANTAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke dwarsdeur die Unie.

DIE O.B., WOENSDAG, 21 JULIE 1948

# BLINDE LEIERS

In Berlyn is 'n stryd tussen die Westerse moondhede en Rusland aan die gang wat in elk geval klaar 'n nederlaag vir eersgenoemdes skyn te wees. Rusland het die gesamentlike protes van Amerika, Brittanje en Frankryk teen sy blokkering van die stad verwerp. Die Westerse volke sal nou moet besluit of hulle Berlyn gewonne gaan gee — want deur die lug alleen kan hulle nie onbepaald 'n stad aan die gang hou nie — en of hulle maatreëls gaan tref wat uiteindelik tot oorlog sal lei. **In laasgenoemde geval het hulle in elk geval die vrede verloor wat hulle op die rug van Stalin probeer vestig het.**

In sy antwoord kom Moskou met 'n lang reeks teenbeskuldigings aan die adres van die Westerse moondhede. Met al die geheime ooreenkomste tussen die sogenaamde Drie Grotes is dit nie altyd maklik om vas te stel hoeveel waarheid daar in 'n aanklag van woordbreuk steek nie. Uit die ryke voorraad pamperlange waarop die Westerse staatsmanne Stalin getrakteer het in die dae van hul blinde bewondering vir hierdie potentaat, sal laasgenoemde wel maklik 'n groot aantal stukke kan vind wat intussen deur die mot en roes van die werklikheid bederf is en nou as bedorwe produkte aan die wêreldpubliek voorgehou kan word. Trouens die westerse staatsmanne soos Churchill en Roosevelt het met die kinderlike vertroue van 'n seun in sy held aan Stalin te offer gebring net waarvoor hy gewenk het. **Daar was nie 'n greintjie van agterdog teen die „goeie bedoelings" van hierdie bekeerde demokraat wat midde in die oorlog opnuut 'n boek vir verspreiding beskikbaar gestel het waarin onomwonde verklaar word dat kommunisme nooit met die kapitalisme en demokrasie kan kompromitteer nie, al vereis taktiese oorwegings dat mens soms 'n brug moet slaan tussen die twee wêrelde — soos toe op die oomblik juis gebeur het. Hierdie geskrif wou die Westerse politici liewer nie glo nie, dit was vir hulle aangenamer om die verskriklike dinge te glo wat kommuniste oor „fascistiese Spanje" onder genl. Franco en „fascistiese Portugal" onder Salazar mee te deel het.**

So verblind was die Westerse politici dat die Cape Argus nou nog met die gemak van naïweteit sy lesers troos met die verduideliking dat „as daar maar net die geringste agterdog bestaan het dat die Russe sou poog om beheer oor die hele hoofstad te verkry, sou die Westerse Geallieerdes daarop aangedring het om spoor- en padverbindings oop te hou met hul troepe en amptenare in hul besettingsgebiede van Berlyn."

**Die „geringste suspisie" het ontbreek dat die Russe die hele Duitse hoofstad sou wou beheer terwyl boek op boek in Moskou uitgegee word om te beduie dat die ideaal van die kommunisme nie die oorheersing van 'n enkele hoofstad is nie, maar van die ganse wêreld!**

Maar ons herhaal: aan oordrewe agterdog het dit hierdie wyses uit die Weste nog nooit ontbreek wanneer dit geld state en bewegings wat die kommuniste as vyande van die demokrasie voortower nie. **Selfs nou nog word 'n sleutelstaat in die stryd teen bolsjewisme, soos Spanje, as 'n uitworpeling behandel omdat hy in 1936 homself van die kommunisme gered het met stappe waartoe die Westerse parlementêre demokrasie nie in staat was nie. Ook in ons land krioel dit op hierdie late stadium nog van agterdog en wanvoorstellings in die pers teen bewegings soos die Ossewabrandwag wat kom met die enigste alternatief waarmee die kommunisme staatkundig verslaan kan word.** Om die waarheid te sê, ons sou onself gelukkig ag as ons maar net dié mate van welwillendheid of onpartydigheid van die pers ontvang waarmee hulle die Suid-Afrikaanse kommuniste op hierdie oomblik nog bejeën wanneer hulle hulself sagkens verwyt vir hul verkeerde opvattings oor Stalin.

## WIE HET GEDRAAI? 4

# V.P. SE ANTI-AFRIKAANSE BELEID HET DEURSLAG GEGEE IN VERKIESING

*Deur Navorser*

Voor ek my gevolgtrekkings opsom wil ek eers aandag gee aan 'n paar ander groepe kiesers en ingaan op die vraag of hulle veel effek op die uitslag gehad het. Ek dink die immigrantestem kan heeltemal geïgnoreer word, die vooroorlogse immigrante het teen 1943 meesal reeds stemreg gehad en die na-oorlogse immigrante nog nie teen 1948 nie.

Dit word soms beweer dat die Nasionaalgesindes aansienlik Engelse steun geniet het. 'n Medewerker van die Democrat, 'n pro-Russiese blad wat in Johannesburg uitgegee word, plaas die Nasionale steun onder die Engelssprekendes op 80,000. En kan die syfer gladnie aanvaar nie. In die eerste plek sou dit beteken dat sowat een-derde van die Engelse kiesers in die setels deur die Nasionale Party betwis, Nasionaal gestem het. So 'n groot ommeswaai sou sonder twyfel veel meer deur waarnemers opgemerk gewees het. Tweedens sou so 'n groot steun onder die Engelssprekendes 'n ommeswaai van 1,500 stemme per setel beteken en daar ek oortuig voel dat ruim 1,000 van die ommeswaai aan ander faktore toegeskryf moet word, is dit my mening dat die uitwerking van groter Engelse steun vir Afrikanerkandidate hoogstens 100 van die „ommeswaai", verklaar.

### KLEURLINGE

Die toename in die kleurlingstemme uitgebring was miskien 500 per Kaapse kiesafdeling. Die getuienis omtrent die kleurlingstem verskil, maar tog lyk dit asof die steun wat die Nasionaliste onder die kleurlinge geniet het groter is as algemeen vermoed word. In 1943 was die Nasionaliste se steun onder die kleurlinge onbeduidend maar in 1948 was daar tekens van aanmerklike kleurlingsteun vir die Nasionaliste. In die Paarl is beraam dat sowat 500 kleurlinge vir die Nasionale kandidaat gestem het en in Stellenbosch is die verrassende groot meerderheid vir mnr. Paul Roos toegeskryf aan die aansienlike mate van kleurlingsteun wat hy geniet het. As die Verenigde Party die volle voordeel van die toename in die kleurlingstem gehad het, sou dit die onverklaarde ommeswaai per Kaapse kiesafdeling met 500 verhoog of met 150 oor die land as 'n geheel. Ek meen egter dat die Nasionale Party daarin geslaag het om 'n aanmerklike mate van kleurlingstem te trek en dat die Verenigde Party se posisie in die Kaapse kiesafdeling nie verbeter het met meer as 250 per setel nie en moontlik nie eens met soveel nie. Dit verhoog ons onverklaarde ommeswaai met uiters 100 per kiesafdeling vir die land as 'n geheel.

### BAIE MIN HET GEDRAAI

Ek het aangedui dat die ommeswaai 1,200 per setel was. Moontlik het die V.P. sodanig gebaat uit die toename in die kleurlingstem dat die ommeswaai onder die blankes so hoog as 1,300 per setel was. Nou het ek sowat 1,000 na 1,100 soos volg verklaar: —

Nasionale meerderheid onder die nuwe kiesers: 400 na 500.

Nasionale soldate en hulle families wat nou weer vir die H.N.P. en die A.P. gestem het: 400.

Groter eenheid onder die Afrikaners: minstens 200.

Dit laat sê 250 onverklaar. **Nou is daar dele van ons land waar daar wel tekens was dat mense gedraai het. In die Oos-Transvaal was dit 'n bekende feit dat die Verenigde Party heelwat steun verloor het na die Bethal-moeilikhede. Dit het moontlik deurgewerk tot in Noord-Natal en die syfers vir die ommeswaai dui daarop dat hier miskien tussen 3,000 en 3,500 mense werklik gedraai het.** Dit beteken 'n ommeswaai van 7,000 en verklaar omtrent 65 van die onverklaarde ommeswaai. In die Boland dui die syfers op 'n klein ommeswaai wat tot 'n groot mate die vordering van die V.P. onder die kleurlinge geneutraliseer het. Dit mag die onverklaarde ommeswaai na 150 per setel verminder.

### TREK NA STEDE

Die feit dat die ommeswaai in die stede soveel groter was as in die platteland is natuurlik die gevolg van die trek na die stede veral van jong Afrikaners.

**Nou is 'n ommeswaai van 150 per setel baie klein. Dit verteenwoordig slegs 75 kiesers per setel wat van mening verander het. Dit is nie eens 1% van die gemiddelde aantal stemme uitgebring nie. So 'n klein ommeswaai het alman organiseerders van albei partye natuurlik van geen belang geag nie. Daarom het die uitslag ook as so 'n groot verrassing gekom.**

### MISGIS

Die meerderheid van die Nasionaalgesindes onder die jong kiesers net so geleidelik gekom dat niemand dit eintlik opgemerk het, en die feit dat die seun van Nasionale ouers wat by die leër aangesluit het en sy vroutjie nog altyd Nasionaal is, soos hulle was voor die man in die leër was, het baie mense nie laat dink dat die mense mos nou anders stem as in 1943 nie. Mense het nie geweet van baie mense wat in 1943 Sap was wat nou Nat geword het nie en was daarom verbaas oor die uitslag.

### DIE OORSAAK

Wat was die faktore wat die jong Afrikaners na die geledere van die Afrikaansgesinde partye getrek het, en wat het die teruggekeerde soldaat so gou weer verenig met die groep met wie hy oor die oorlog verskil het? **Ek meen dit was grotendeels faktore wat die Afrikaanssprekende deel van die bevolking geraak het en slegs tot 'n mindere mate die Engelssprekende deel.** Trouens hulle was taamlik op hol gejaag met die Broederbond-propaganda.

**Die Verenigde Party was in die laaste tyd on-Afrikaans en selfs tot 'n mate anti-Afrikaans in uitkyk. Dit het uitgekom**

Vervolg in kol. 3

Vervolg van kol. 5

**in hul besondere houding oor die Kleurvraagstuk. Dit was nog duideliker in hul immigrasiebeleid — sommige van hul ondersteuners het ook daarop gewys dat die mense nie die Nasionaliste sou steun as hulle eers stemreg het nie. Dit was tewens glashelder in die aanvalle op 'n liggaam soos die Broederbond. Menige Afrikaner het seker gevoel waarom juis net die Broederbond? Waarom nie ook die Sons of England of die Zioniste nie?**

Die kwaai opsweping van anti-Afrikaanse gevoel het klaarblyklik as reaksie gehad dat Afrikaanssprekendes in groter mate vir die Nasionale opposisie gestem het as wat anders die geval sou gewees het. Vandaar dan ook die feit dat ná die verkiesing van die Verenigde Party gepraat word as die herbore Unioniste-Party, bestaande hoofsaaklik uit Engelssprekendes.

## Atoomtorpedo's Vir Duikbote?

Die mening dat duikbote in die toekoms in staat sal wees om atoomtorpedo's af te skiet sonder om na die oppervlakte te kom, word gehuldig deur die Amerikaanse uitvinder Thomas Alva Edison Lake.

Hierdie Amerikaner stel hom ten doel om 'n duikboot te ontwerp wat met atoomkrag sal beweeg. 'n Spesiale toestel wat dit moontlik sal maak om die torpedo onder die water af te skiet, moet ontwerp word. Van al die vlootwapens, meen Lake, is die duikboot die minste kwesbaar deur atoomaanvalle en hy vertrou dat die Amerikaanse regering 'n reuse vloot duikbote sal aanhou.

# Waarskynlik Dertiende Minister

Die moontlikheid dat die Afrikanerparty nog 'n lid in die kabinet gaan kry, word deur Die Vaderland geopper. Die blad verklaar dat dit waarskynlik een van die eerste stappe sal wees wat die regering gedurende die aanstaande sitting van die volksraad sal doen. Die dertiende portefeulje sal, volgens die blad, waarskynlik aan mnr. Jan Viljoen, Afrikanerparty-L.V. vir Vryburg, gegee word.

In die Engelse pers is aanvanklik ook die naam van mnr. J. S. Labuschagne, lid vir Kliprivier, genoem as 'n moontlike tweede kabinetslid van die Afrikanerparty, veral daar Natal geen verteenwoordiging in die kabinet het nie. Aangesien mnr. Labuschagne ondervoorsitter is van die Transvaalse Landbou-unie, is hy in verband met die landbou-portefeulje gebring. Maar noudat hierdie portefeulje reeds deur 'n H.N.P.-lid gevul is, kan verwag word dat mnr. Viljoen die dertiende minister sal wees.


# FONDSDAG!

Neem asseblief kennis dat 'n funksie gehou sal word op Saterdag 31 Julie 1948, by komdt. De Bruin op Rooidraai, ter stywing van die fondse vir 8 Augustus.

Dis die 10e verjaardag van die O.B. en die 60ste van komdt. W. J. de Bruin.

ALMAL WELKOM
Bring u kinders saam.



# WES-TRANSVAAL vier fees

**Afrikanerdag en tiende verjaardag van die Ossewatrek**

**STADSAAL — LICHTENBURG**

**2 Augustus 1948.**

11 vm. Opening deur Mnr. Jan Viljoen L.V.
3 nm. Mnr. J. H. Richter.
Dr. J. F. J. van Rensburg.
7.30 nm. Dr. J. Steyn L.V.
Adv. John Vorster.
Mnr. J. S. Labuschagne L.V.

**Verkoping in die Stadsaal begin reeds om 10 vm.**
**ALMAL HARTLIK WELKOM.**

# BETUIG DANK AAN NOODHULPFONDS

**Mnr. H. S. van Blerk, Benoni, skryf:** Langs hierdie weg wil ek Die O.B., die Noodhulpfonds en al die Kamerade en vriende wat my ouers met 'n daad bygestaan het van harte bedank.

As 'n mens in die verknorsing is, leer jy jou vriende ken, en, helaas, ook hoe min vriende jy het. Ons wat in die gevangenis beland het, kon egter altyd spog met 'n skaar getroue en hulpvaardige vriende. En in al die jare wat ek op „aktiewe diens" in 'n Empaaiertronk was, kon ek nooit kla dat my afhanklikes nie versorg word nie. En daarvoor kon ek alleen die O.B. bedank en die O.B. lede wat deur die Noodhulpfonds die leuse van hul organisasie kon uitlewe.

Afgesien van die Noodhulpfonds was daar nog baie gawe vriende, hopelik almal lede van die O.B., wat op ander maniere hul naasteliefde en broederdiens uitgelewe het. Ook aan hulle my dank vir die voorbeeld wat hulle gestel het. Ek het nie name om mense persoonlik te bedank nie, want die wat gegee het se regterhand het nie geweet wat die linkerhand doen nie.

Tog wil ek graag twee persone, genl. G. Cronjé van die Noodhulpfonds en genl. Piet Buys, van Pretoria-hoofkwartier, uit die grond van my hart bedank vir die uitstekende diens wat hulle gelewer het. Wat hulle gedoen het en die opofferings wat hulle hul getroos het, kan niemand hulle nadoen nie.

Graag spreek ek nogmaals my ondubbelsinnige trou uit aan die K.G. en ons Beweging en stel my beskikbaar om te dien waar ek van diens sal wees. Vir die O.B. wag daar nog 'n groot taak in ons Vaderland solank hy trou bly aan sy doelstellings en solank ons trou bly aan ons Beweging, en ons Kommandant-generaal volg met blinde trou waar hy ookal lei.

Nogmaals my dank aan die O.B. en elke individuele lid wat gegee en gedra het. Mag die offers van die verlede inspirasie wees tot groter offers in die toekoms. En mag die toekoms spoedig vir ons verwesenlik die ideaal wat slegs deur die O.B. in die openbaar geskraag word vandag naamlik, 'n vrye, Afrikanerrepubliek.

# WAARSKUWING

**Mnr. C. F. J. van Rensburg, P.K. Amalia, skryf:** Ek wil net waarsku Genl. Smuts gaan weer terug na die parlement en sal hy en die Goewerneur-generaal soos in die tyd van Hertzog weer 'n beslissende rol speel?

Maar die Here sal dink aan hulle ongeregtigheid en besoeking bring oor hulle sondes. Saul is afgesit as koning en 'n ander een is in sy plek gegee, so lees ons in die Bybel. Dit is omdat hy die woorde van die Here geminag het. So het die Here ook vir Smuts afgesit.

Gaan genl. Smuts nou weer na die parlement om verraad te pleeg teenoor die Malan-kabinet? Dr. Malan en mnr. Havenga moet op hul hoede wees vir die gevaar wat kom.

# Hollanders En Engels

**Mev. K. Kesling, P.K. Oberholzer, skryf:** In verband met u berig oor die gebrekkige kennis van Engels by Hollandse kinders wat as immigrante hier aankom, wil ek graag die volgende meedeel.

Engels is vir die Hollander net so 'n vreemde taal soos Frans b.v. vir ons in Suid-Afrika is. In Nederland is daar „Laer Skole," „Uitgebreid Laerskole" en „Meer Uitgebreid Laerskole." Eersgenoemde het ses leerjare, die Uitgebreid Laerskole" het agt leerjare en gee miskien een vreemde taal — Frans — by. Die „Meer Uitgebreid Laerskole" het 'n kursus van tien jaar en daar kry die kinders eers in hul vierde jaar Frans, Duits in die vyfde jaar en Engels in die sesde leerjaar. Dus is die leerling minstens 12 jaar voordat hy met Engels begin. Dit word bestudeer maar nie prakties gebruik nie.

Dit is dus nie nodig vir onderwysers om verbaas te wees oor die feit dat die Hollandertjies niks van Engels weet nie. Wat die ander deel van u artikel betref stem ek saam. Die kennis van hul eie moedertaal sal hulle baie help om Afrikaans aan te leer. Dit is meesal die Hollander wat self nie Engels kan praat nie wat sy kind nou Engels wil laat word.

# WÊRELDSTAATSMAN BETREE SEEPKIS

Vanaf die treetjies van die Johannesburgse stadshuis waar die Kommunistiese seepkisredenaars Sondae hul gemengde gehore toespreek, het veldm. J. C. Smuts verlede week sy volgelinge toegespreek oor „pasop vir die vlooie en weeluise en die goeters wat in die nag rondkruip". Veldm. Smuts het gesê dat daar iets met Suid-Afrika verkeerd gegaan het en dat die „goeters wat in die nag rondkruip" diegene is wat propaganda teen die V.P. maak. Hy het sy ondersteuners gemaan „om olie in hul lampe te gooi" omdat 26 Mei „slegs 'n verposing" was.

In Durban waar die eertydse Boeregeneraal ook sy volgelinge toegespreek het, het hy sy neerlaag toegeskryf aan die verkiesingstelsel. Die minderheid regeer nou die meerderheid, het hy gesê. Dit is slegs op die platteland waar die regering die meerderheid het en in die stede staan die mense by die V.P. Hierdie uitlating word beskou as 'n dreigement vir die huidige gunstige kiesersindeling van die platteland.

Die V.P. moet ook sorg dat sy naturellebeleid duidelik omlyn word, het spr. verklaar.

Veldm. Smuts is vinnig besig om sy waardigheid te verloor en af te sak na die gemeenplase van seepkisredenaars.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# Jongman Vra Peetouers

**Werker, Wellington, skryf:** Ek is 'n jong Afrikaner wat weer graag na die grond wil terug gaan vanwaar my ouers verdryf was op 'n eg demokratiese wyse.

Ongelukkig beskik ek nie oor die nodige nie en dit grief my diep om daagliks in die koerante te lees hoe daar met ons grond gespekuleer word.

Al besit ek nou ook die hoogste ambisie, ek het geen hoop om my ideaal verwesenlik te sien nie. Inteendeel, ek sal maar seker moet voortgaan soos dit 'n goeie christelike demokraat betaam om op te sien na 'n nie-christelike peetkind van die staat vir my daelikse brood.

Daar skyn egter nog 'n laaste hoop te wees en ek wil nou graag hiermee 'n laaste poging aanwend.

Ek wil naamlik myself aanbied om as peetkind aangeneem te word deur een of ander burger van die staat.

Dit moet natuurlik iemand wees wat oor die nodige beskik om my te help. Glo my, lesers, ek probeer glad nie om snaaks te wees nie maar is dood ernstig. Sal iemand wat graag 'n dertigjarige seun wil aanneem na hierdie blad skryf sodat ek op so 'n manier met die persoon in aanraking kan kom, want ek kan ongelukkig nie hier my naam verstrek nie.

Ek mag net byvoeg dat ek nogal beskou word as 'n voorbeeldige jongman van streng Europese afkoms. My enigste moeilikheid is dat ek finansieel swak is en daarom geen bate is vir 'n demokratiese staat nie.

Baie graag wil ek 'n praktiese christen ontmoet.

# NUWE MIDDEL OM SAKKE TE LAP

'n Nuwe kleefstof waarmee lappe blywend op stukkende sakke aangebring kan word, is tans in die Unie op die mark gebring. Vir boere sal dit blye nuus wees. Nadat die sakke gelap is, is die gelapte deel nog buigbaar en kan dit nie afgeskeur word nie.

Die middel staan bekend as textesive en is reeds in 1937 in Frankryk uitgevind. Dit is reeds genoegsaam op die proef gestel om welslae te bewys.

Die wyse van aanwending is as volg: 'n Lap word gesny wat rondom sowat anderhalf duim wyer as die gat in die sak is. Al om die soom van die lap word die kleefmiddel aangesmeer en die lap word dan oor die gat geplak en met die vinger vasgedruk.

In die stadium word stuifpoeier, wat saam met die middel verskaf word, op die buitekant van die lap gestrooi en die kante word rondom met 'n houthamer liggies getik en die sak is heel.

Vervolg van kol. 5

die daadwerklike en lewende volksverband in te skakel sodat hy sy deel kan hê aan die voorregte wat die volkslewe bied. **Hierdie noodsaaklike doelstelling word verwesenlik langs die weg van georganiseerde volksbeweging wat alle volksbelange in die oog het en die nadruk meer op die gesinne laat val as op die individu.**

## O.B.-BELEID

# GESINNE MOET WELVAREND WEES

**Vir die Ossewabrandwag as 'n uitgroeiing van die organiese volksgedagte is die gesinslewe in die volk van besondere belang omdat die gesinslewe die vernaamste grondslag vorm van die volksbestaan. Om dus 'n gesonde en lewenskragtige volksbestaan vir die Afrikaner in hierdie land te verseker moet allereers gesorg word vir die gesonde en selfstandige gesinslewe binne die volksverband.**

Hierdie standpunt van die Ossewabrandwag staan in skerp teenstelling met die individualisme van die huidige liberalisties-kapitalistiese stelsel wat die ontbinding van die gesinslewe ten gevolg het o.a. ook met sy „flat"-bevolking in die stede. Die Afrikanerdom het ook van hierdie invloede nie vrygespring nie.

Daarom beklemtoon die Ossewabrandwag: om ons volk te herskep moet ons eers ontslae raak van die huidige dobbelgebou waarin ons volksbestaan ingerig is en in die plek daarvan moet ons 'n gemeenskaplike volksgebou op die nasionale en sosiale fondamente van die eie Christelike lewensbeskouing bou. **Om te begin moet ons die gesinslewe van die volk op 'n heeltemal nuwe grondslag plaas en hervorm.**

### ALMAL VIR ELK

**Ons gesinslewe moet gebou word op die organiese volksbegrip waarvolgens almal vir elkeen en elkeen vir almal is — waar een dus verantwoordelikheid vir die ander aanvaar. Daar moet besef word dat as een gesin swak is of vir die volk verlore gaan, die volk as geheel daaronder ly.**

Met die uitlewing van hierdie organiese volksbegrip is dit nie nodig om 'n afsonderlike aalmoesdiens in te stel vir die versekering van die gesinsbestaan teen die bedreiginge van werkloosheid en liggaamlike onbevoegdheid van die broodwinner nie. **Versekerdheid teen hierdie risiko's is vanselfsprekend omdat die bevordering van die welvaart van die gesin — o.a. deur vir elke gesin 'n menswaardige lewensbestaan te verseker — as uitgangspunt vir die staatsbeleid dien.**

### UITBUITING

Die Ossewabrandwag beywer hom daarom vir die ingeskeie en algehele nasionale, kulturele, maatskaplike en ekonomiese versekerdheid wat alle vorms van uitbuiting en onsekerheid doeltreffend uitskakel.

Dit is die strewe van die Ossewabrandwag om elke gesin in

Vervolg in kol. 3



## Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë Virginiese Tabak; gewaarborg 100% suiwer, Eerstegraadse Blaar.




Rembrandt

Rooi vir kurk. Groen vir ongekurk.

DIE SIGARET WAT U ALTOOS GRAAG WOU ROOK!

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per** 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### GEBOORTE

**SWART.** — Aan Frans en Daisy (geb. Hennig) 'n fris seuntjie op 13 Julie aan die Cillie-verpleeginrigting, Kakamas. Naas die Goeie Gewer ons innige dank aan Dokter, Susters en verpleegsters. 21/7/1B.

**VAN RHYN.** — Aan Willie en Sarah (gebore De Villiers) 'n fris seuntjie op 14 Julie in die Nonica-Verpleeginrigting Parow. Albei wel. Naas die Goeie Gewer ons innige dank aan Suster. Amsterdab, Kuilsrivier. 21/7/1.

### BOME, PLANTE EN SAAD

**GOEWERMENTSGESERTIFISEERDE** Donker Detroit Beetsaad 5/-, Chantenay Wortelsaad 7/6, Silver King Uiesaad 8/6 per lb. Posvry. Vra pryslys van **PREMIERS, P.K. Schoemanshoek Oudtshoorn.** 21/4/TK

**LUSERNSAAD.** — Vars saad, standaard gehalte. Doddervry. £9 per sak, 203 lb., gelewer Oudtshoornstasie. K.M.B. — **D. S. DU TOIT,** P.K. Armoed, Distrik Oudtshoorn. 14/4/TK

**LUSERN TE KOOP.** — Eerste graad lusern 5/9. Tweede graad 4/9. Graslusern soos gesny van lusernlande, goeie voer, 3/9. Alles per 100 lb. V.O.S. Kirkwood. **J. H. STIEMIE,** Posbus 46, Kirkwood, K.P. 7/7/4.

**ROOSBOOMPIES** vir onmiddellike planting. Skryf om gratis pryslys. **LA MOTTE-KWEKERY, P.K. La MOTTE.** 7/7/TK.

### GEMENG

**GRAFSTEENMAKERS.** — Vir gewaarborgde tevredenheid tree in verbinding met die **S.A. GRAFSTEEN EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.** van Voortrekkerweg 360, Maitland. (Onder persoonlike aandag van ons Best.-Direkteur, mnr. Jannie Cillie). Telefone—5-4420 en 5-02823.

### VAN'S CONCRETE PRODUCTS

**ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:— **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Potgieterstraat 258, Pretoria. 3/12/TK.

### MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11.

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, **PAROW,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### TE KOOP

**BOERE, AANDAG!** — Uitverkoping van voorraad nuwe klere en skoene, asook tweedehandse militêre klere, elke Saterdagoggend by **NICK NEETHLING,** Lady Greystraat, **PAARL.** Foon 1253. 12/5/TK

### VOER TE KOOP

**VOER TE KOOP.** — Groen gesnyde, ongedorste, gebaalde tef. £5 per ton V.O.S. Tweeling. Minimum-bestelling 3 ton. K.M.B. — **L. P. J. Taljaard,** Fonteinrand, **Tweeling,** O.V.S. 21/7/4B.

### SOUT TE KOOP

**BOEK** u bestellings vir vroeë aflewering sodra sout verkrygbaar is: A1, £4; No. 1, £3/15/-; No. 2, £3/10/-, per ton; 100 pond fyn bottersout 6/-, vrygelaai Soutwerke. Bestel: **Komdte. mev. MARTIE VENTER,** P/sak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 5/5/TK

### TE KOOP AANGEBIED

**AMERICAN BRONZE BABY BEEF-KALKOENE** — 13 mannetjies, 8—9 maande, teen £1 10s. stuk. Twee volgroeide mannetjies teen £3 3s. stuk. Algar vir broeidoeleindes. Pragtig uitgegroei. Tevredenheid gewaarborg. — **Mev. A. H. Jordaan,** Dosaka, Visrivierstasie. 21/7/2B.

# KRUGERDAG KRY DALK ERKENNING

Die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, skenk tans oorweging om nog vanjaar die nodige stappe te doen om 10 Oktober 'n openbare vakansiedag te maak. Hy het reeds verskeie persone wat hom in hierdie verband genader het simpatiek ontvang.

Dit is ook moontlik dat dr. Malan dit sal oorweeg om die huidige Wienersdag wat eintlik geen sin in Suid-Afrika het nie, af te skaf in ruil vir 10 Oktober, die verjaardag van pres. Paul Kruger.

Die A.T.K.V., wat 'n kampvegter vir die saak is, het die Minister ook in hierdie verband genader.

10 Oktober val vanjaar op 'n Sondag.

Indien die dag tot 'n vakansiedag verklaar word sal dit waarskynlik bekend staan as Krugerdag, daar die F.A.K. tot hierdie benaming besluit het.

# L.V. Verbaas Oor Indringing Van Indiërs

„Ek is geskok oor die vinnige Indiër-indringing in blanke gebiede in Natal", het mnr. J. S. Labuschagne, Afrikanerparty-L.V. vir Kliprivier in 'n persgesprek in Durban gesê. „As mens deur die klein dorpies ry dan sien jy niks anders as net Indiërs nie. Ek is seker dat een van die eerste dinge wat die nuwe regering sal moet doen, is om die wet op Assiate-grondbesit strenger te maak." Die wet is vol skuiwergate, het mnr. Labuschagne verklaar.

Hy het ook die geweldige grondverspoeling aan die voet van die Drakensberge betreur.

## Uit die Engelse Pers:

# HANDELSBLAD VOORSPEL VIR HAVENGA GROTER GEVOLG

**Die „eienaardige" posisie waarin die Afrikanerparty as vennoot in die nasionale regering hom bevind, word behandel deur die bekende handelsblad Selling wat in sy jongste aflewering die politieke situasie ontleed.**

Die blad verklaar dat hy hom in die reël nie inlaat met partypolitiek nie maar vind die verandering van regering van soveel belang dat hy 'n hele paar artikels aan die betekenis van die verandering wy.

Met verwysing na die samestelling van die regering en kabinet, verklaar die blad: „Daar is nie eers een L.V. van die Nasionale Party of van die Afrikanerparty wie se huistaal Engels is nie hoewel hulle ten volle tweetalig is. Om die waarheid te sê, die kabinet is die eerste kabinet van die Unie wat tweetalig is.

MNR. HAVENGA

„**En dan is daar die eienaardige posisie van Klasie Havenga, sonder wie se hulp die Nasionaliste op die huidige stadium nie 'n regering kan vorm nie, wat meer aanneemlik is vir vir die gewone Engelssprekende kieser as die meerderheid van die lede van die Nasionale Party, maar tog nou verbind is aan die Ossewabrandwag (gewoonweg genoem die O.B.) 'n fascisties-geskoeide organisasie wat gevrees word deur die intellektueles van die Verenigde Party en nie juis deur die leiers van die Nasionale Party bemin word nie.**"

Die blad voorspel dat mnr. Havenga moontlik as die leier van 'n baie sterker party uit die volgende algemene verkiesing te vore mag tree.

PARTYPOLITIEK

In 'n ander artikel verklaar die blad met verwysing na die invloed van die verandering op die sakewêreld: „**In die eerste plaas bring, partypolitiek hoewel dit 'n stelsel is met baie voordele onvermydelik 'n konsekwente opposisie mee. Heel dikwels dien 'n regering wetgewing in waarmee 'n groot deel van die opposisie heelhartig saamstem, maar hulle moet opponeer. Dit is deel van die taktiek om aan bewind te kom.**



Mnr. N. C. Havenga

**Dikwels is die geleentheid vir kritiek maar skraal, dog dit word naarstiglik gesoek en vergroot.**"

Die blad verklaar dat dit 'n natuurlike deel van die stelsel is en dat daar dus nie te veel waarde geheg moet word aan die uitlatings van die destydse opposielede wat in Hansard opgeteken staan nie. Dit is vanselfsprekend dat die regering die belange van die land op die hart sal dra, aldus die blad.

## VERDEDIGING

Groter veranderings in die Unie se verdedigingsmag word voorspel deur die Sunday Times na aanleiding van die onlangse verskuiwing van offisiere in die leër.

Die blad verklaar dat die regering moontlik die posisie van lede van die verdedigingsmag wat nie bereid was om die rooi eed af te lê nie, in hersiening kan neem.

Verder word voorspel dat sekere veranderings ten opsigte van die uniforms ook nie onmoontlik is nie. Die rooi lussie as deel van die uniform en Skots rokkie mag dalk verdwyn, aldus die blad.

# WINSTE VERLAAG SONDER GEMOR

**Hoe onnodig hoog die winste voorheen op klere was, blyk nou as gevolg van die nuwe winsgrense wat ingestel is deur die regering om die lewenskoste af te dwing. Dit tree eers na 2 Augustus in werking, maar sommige handelaars is vinnig besig om hul klerasie oor te merk.**

In gevalle waar jasse £20 gekos het, kos dit nou onder die nuwe winsgrens £15 3s. 9d. en een wat £12 gekos het kos nou iets meer as £9. Verder bewys van hoeveel ekstra wins daar gemaak is blyk uit die volgende (ou prys volg in hakies):

Sommige make pakke klere £11 5s. (£16 19s.); jasse £5 12s. (£8 2s.); onderklere 19s. 6d. (£1 3s.); dasse 3s. 6d. (5s. 6d.); hemde £1 16s. (£2).

**'n Belangrike feit is dat die handel oor die algemeen die verpligte vermindering verwelkom het, terwyl van handelskant beswaar gemaak is teen die redcol-skema van mnr. J. W. Mushet wat op vrywilligheid gegrond was. Kan hierdie verskynsel aanvaar word as 'n bewys dat die vrye kapitalisme van die verlede selfs deur die handel as uitgediend beskou word in die gekompliseerde moderne staat?**

# KLERASIE SAL NOG LANK DUUR BLY

**„In nie een van die lande wat ek besoek het, het ek enige tekens gevind wat daarop dui dat die koste van produksie van materiaal aan die afneem is nie," is die nuus wat mnr. A. J. Wessels, bekende sakeman, met hom saamgebring het na 'n sakereis in Amerika, Engeland, Holland, België, Duitsland en Frankryk.**

„Voedsel, wat nog die grondslag vorm van die wêreld se produksiekapasiteit, bly skaars en duur. Trouens die voedselprysindeks in die meeste lande styg nog," skryf mnr. Wessels in Volkshandel.

Orals skyn daar nog 'n groot vraag na klere te wees en daar is nog geen oorproduksie in hierdie verband nie. Daar is geen onmiddellike prysdaling moontlik nie en solank die vraag die aanbod so oortref sal die pryse van klere hoog bly, aldus mnr. Wessels.

Aflewering van sajet neem steeds nog 6 tot 8 maande en vir katoen is dit 4 tot 6 maande. Daarby is die prys van sajet maklik 1s. 6d. hoër as vier maande gelede. Fyn hemdemateriaal van Egiptiese katoen is ook 15 persent duurder.


**Pretoria-Mark.**

**PRINSLOO EN VENTER**

**MARKAGENTE**

**Van der Waltstraat 268**

**Posbus 361 - Foon 2-2208**

**PRETORIA**

(Mede-eienaar en Bestuurder: J. P. BOTHMA)

●

**Garansie van £2,500 by die Staat**

●

**Probeer ons vir beter diens!**

*SKRYF OM GRATIS*
★ *ETIKETTE*
★ *MARKVERSLAE*
*ENS.*


# Het U Al 'n Intekenaar Gewerf?

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van..........................

vir die eerste............................maande.

NAAM: ..........................................
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES: ..........................................
..........................................
..........................................

*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/6 per halfjaar.
*Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.*

# Britse Beleid in Afrika Gevaarlik sê Blad

**Een van die bekendste Britse blaaie wat grootliks bygedra het om die huidige regering in Brittanje aan bewind te kry, maar een van die mees korrupte en verderflike standpunte huldig, het reeds 'n blad in Afrika gekoop. Daar word ook tans onderhandel om 'n blad te koop in dié deel van Afrika waar die naturelle tot onlangs in vrede geleef het maar wat tans tot 'n krisispunt opgestook is, berig Review of World Affairs.**

**Die blad meld dat dit juis die verkeerde elemente is wat in die ontwikkeling van Afrika belang stel, en dat die koloniale administrasie verantwoordelik is vir 'n ruggraatlose beleid wat gevaarlike gevolge kan hê.**

Baie van die amptenare wat deur die Britse koloniale administrasie aangestel en uitgestuur word na Wes-Afrika, is 'n swak en verveelde tipe. Daar is by hulle geen besef watter taak die witman in Donker Afrika te vervul het nie en daar is 'n neiging om maar gedurig toe te gee aan die onrype en selfs gevaarlike eise van die inboorlinge. **Die blad voorspel dat Wes-Afrika vinnig op dieselfde pad is as Birma.** Die naturelle is, wat politiek betref, onbetroubaar. Hulle glo die agitators se stories teen die witman hoewel laasgenoemde verantwoordelik is vir die mate van beskawing wat hulle reeds geniet. **Verder laat die Britse regering toe dat opstokers die land binnegaan spesiaal met die doel om die inboorlinge op te rui.**

### GEVAARLIK

**Indien Wes-Afrika die pad van Birma opgaan sal dit 'n vêrreikende gevolg hê vir die res van Afrika, aldus die blad.**

In verband met hierdie Birmaanse voorbeeld skryf die Britse blad, Union, dat hierdie deel van die Britse Ryk waaraan onlangs selfregering toegeken is, die prooi van die Russiese Kommunisme word.

**Die tot onlangse sosialistiese Birmaanse eerste minister, Thakinnu, het voor sy aftrede verklaar dat sy land oorgaan in die hande van die Kommuniste en dat daar sterk politieke en ekonomiese bande met Rusland gesoek sal word.**

### DIE METODE

Die Kommunistiese taktiek is as volg, berig die blad: Onder die masker van demokrasie word 'n klein sosialistiese party in die lewe geroep. **'n Sterk Kommunistiese minderheid word dan aan die werk gesit om die groep te rysmier, nie net met propaganda nie maar ook met geweld. Die sosialistiese party word verplig om voor hierdie minderheid te swig en 'n diktatuur kom tot stand.**

Die blad vervolg: „Hierdie keer is dit nie Sentraal Europa nie maar 'n deel van die Britse Ryk wat oorgeneem word deur die Russiese Kommunisme.

Daar is beslag op gelê met nog groter bedrog. Demokrate in Brittanje is beweeg om selfregering te gee aan ongeletterde kleinboere wat nie die vaagste benul het wat dit beteken om hulself te regeer nie, en ook nie omgee nie behalwe om maar te kan voortgaan met hul eenvoudige manier van boer. **'n Hopelose swak regering moet dan kommunistiese terreurbendes, wat deur Moskou georganiseer en gefinansier word, die hoof bied. Die swak regering val, en moet dan plek maak vir die Kommuniste."**

Die blad verwyt die Britse regering dat so lank hy aan bewind is, dit ook die lot sal wees van ander dele van die Britse ryk om as prooi te val in die hande van die Kommuniste.

**Britse regering maak hom groot vir kommunisme: Aanklag van Engelse blad**

# Suid-Afrika Die Toevlugsoord Vir Britse ‚Spivs'

**In Durban, die stad van Britse immigrante, het 'n nuwe tipe leeglêers hul verskyning gemaak. Hulle dra die klere van die bekende Britse „spiv" — swierig en uitspattig. Hierdie nuwe tipe niksdoeners is blykbaar immigrante wat gekom het om in Suid-Afrika te kom aas en maak gereeld ongenooid hul verskyning op resepsies en dinees waar hulle goed weglê aan die eetgoed wat aangebied word. Volgens die Engelse pers kom hulle tot twaalf op 'n dag in Durban aan.**

Vier van hierdie „spivs" het onlangs hul opwagting gemaak by 'n onthaal in Durban. Hulle het, hoewel ongenooid, heerlik weggelê aan die drank en koek. Nadat hulle reeds goed gesmul het, is hulle ontdek en by die deure uitgesit. Kort daarna het 'n paar ander hul opwagting gemaak by die weeklikse Rotariërklub-dinee. Hulle is ontdek toe 'n sakeman een van hulle herken het as die rondloper wat hy 'n paar dae tevore langs die pad opgelaai het. Sy optrede het gemaak dat die leeglopers hulle gou uit die voete gemaak het.

### KROEGMAATS

'n Ander taktiek wat hulle uithaal is om 'n kantien binne te stap, 'n glas bier te bestel en dan op 'n liggelowige slagoffer te wag. Hulle kry dit gewoonlik reg om 'n paar drankies uit die sak van hul slagoffer te drink en ook vryelik van sy sigarette te rook. En as hulle baie gelukkig is, kry hulle nog 'n muntstuk op die koop toe.

**Dit is opvallend dat die Britse regering op hierdie tydstip teen sulke persone optree en hulle kragtens spesiale maatreëls in die werk stop. Dit wil voorkom of baie van hierdie Britse rondlopers hulself nou na Suid-Afrika verplaas het ten einde die werkplig in hul eie land te ontvlug.**



## AFRIKAANS IN LEËR

Ten einde die woordeskat van die Unie-verdedigingsmag uit te brei, sal die Unie eersdaags 'n sending na Nederland stuur om daar 'n studie te maak van die terminologie van die Nederlandse verdedigingsmag.

## Versoekskrif In Brakpan

Adv. B. J. Vorster wat met twee stemme in Brakpan uitgeval het, het 'n versoekskrif laat registreer waarin die Hooggeregshof versoek word om te beslis dat ses aangebode stembriewe by die getal stemme wat uitgebring is, getel word, en dat enige ander stembrief wat in daardie kiesafdeling in die naam van die betrokke ses kiesers uitgebring mag gewees het, nie getel word nie.

Verder word gevra dat een stembrief wat volgens beskouing verkeerdelik verwerp is as bedorwe, wel getel moet word en dat indien hierdie aansoeke toegestaan word, adv. Vorster as behoorlik verkose volksraadslid verklaar word.

### MARAISBURG

Adv. J. H. Snyman, die verslane V.P.-kandidaat in die kiesafdeling Maraisburg, wat met 962 stemme uitgeval het teen mnr. B. J. Schoeman, L.V., het ook 'n versoekskrif by die Hooggeregshof ingedien. Hy vra, na aanleiding van beweerde onreëlmatighede, dat die uitslag van die verkiesing aldaar nietig verklaar word.

## TRUMAN SE POLITIEKE SET

Pres. Harry Truman wat so pas onder protes van die Suidelike State tot kandidaat van die Demokratiese Party vir die presidentsverkiesing benoem is, het besluit om die Amerikaanse kongres wat reeds verdaag het en nie weer voor die presidentsverkiesing sou vergader het nie, byeen te roep om wetgewing wat betrekking het op lewenskoste en behuising deur te loods — 'n ongehoorde stap in Amerikaanse politiek. „As daar opregtheid agter die Republikeine se verklaarde beleid is, behoort ons nie baie teenstand te verwag nie," het Truman in hierdie verband verklaar.

**In Amerikaanse politieke kringe word hierdie stap van Truman beskou as 'n politieke maneuver om van sy grondwetlike posisie gebruik te maak om sy eie kandidatuur te bevorder. Dit plaas die Republikeinse Party met Dewey as kandidaat in 'n slegte verkiesingsposisie.** Hulle sal waarskynlik met een of ander teenset voor die dag kom as antwoord hierop.

# Brittanje Gebruik Dominiums Net Vir Eie Voordeel

**Empire-aanhangers se groot argument ten gunste van die Ryksverband is, dat dit sou berus op wedersydse ondersteuning. In Die O.B. is dikwels al daarop gewys dat dit 'n valse stelling is. Die Britse Statebond, netsoos sy koloniale ryk, het net een doel en dit is om Brittanje welvarend en sterk te maak.**

Etlike Britse staatsmanne se uitlatings is in hierdie verband al aangehaal om ons stelling te bewys, van wie Churchill onder andere nie net van die jongstes is nie maar ook van die duidelikste. In 'n toespraak aan die einde van verlede jaar het hierdie Britse leier hom as volg uitgelaat:

**„Ons moet ons beywer vir die vereniging en samesnoering van die Empire, waarsonder die veiligheid van hierdie EILAND nie kan stand hou nie, nog sy voorspoed terugkeer."**

Dat Brittanje lede van die Statebond in die steek laat net wanneer dit hom pas, is 'n bekende feit en kan, wat Suid-Afrika betref, maar net verwys word na die verbod op die invoer van Suid-Afrikaanse nywerheidsprodukte na die Britse gebiede in Afrika gelyktydig met die skenking van 'n £80 miljoen-lening deur die Unie aan Brittanje.

### AUSTRALIË

Maar ook ander dominiums het oor hierdie houding te kla. So berig die Londense korrespondent van Forward as volg na aanleiding van die besorgdheid wat by die dominiums bestaan oor Brittanje se lidmaatskap van die Wes-Europese Bond en die invloed wat dit op die Ryksbetrekkinge mag hê:

„Australië het Brittanje nog nie vergewe vir die toestand van die Bunnerong-kragstasie nie. Hierdie kragstasie — Australië se grootste — wag sedert voor die oorlog op turbines uit Brittanje. **Onlangs is uitgevind dat Brittanje turbines aan Brazilië, Spanje en ander lande lewer onderwyl hy Australië laat wag — omdat hierdie ander lande in dollars betaal."**

## KOMMUNISTE VORDER

Die Sjinese Kommunistiese magte het die afgelope dae aansienlike vordering gemaak. Die strategiese stad Fantsjang, aan die Sanrivier, het in hul hande geval nadat die regeringstroepe swaar verliese gely het. Aan alle fronte het die Kommuniste met nuwe aanvalle begin en oral word vordering berig.

## SMUTS WEER L.V.

Veldmaarskalk J. C. Smuts wat met die algemene verkiesing 'n gedugte neerlaag in sy eie kiesafdeling gely het, is verlede week onbestrede tot lid van die volksraad verkies vir Pretoria-Oos, waar die verkose lid, mnr. C. W. Clark, bedank het ten gunste van sy leier.

# Russe Meen In Berlyn te Wen

**Rusland skyn vasberade te wees om die stryd in Berlyn tot die uiterste breekpunt deur te voer. Hy het eenvoudig die protes van die Westerse moondhede oor die blokkade in Berlyn waardeur hy die Weste uit die Duitse hoofstad wil dwing, met onverbloemde veragting verwerp en die skuld vir die moeilikheid sonder meer op die skouers van die Weste gelê wat deur hul „verbreking van ooreenkomste" hul „reg op die besetting van Berlyn van nul en gener waarde" gemaak het.**

**Intussen het Rusland verder gegaan deur te kenne te gee dat die lugkorridors om Berlyn dalk gesluit kan word en dat Amerikaanse en Britse vliegtuie wat hulle nie aan hierdie maatreëls steur nie, „afgedwing" sal word. Russiese valskermtroepe het ook met oefeninge in die omgewing van Berlyn begin. Hooggeplaaste Russiese woordvoerders verklaar dat hulle kans sien om die Weste binne agt weke uit Berlyn te dwing indien hulle alle gapings in die huidige blokkade doelmatig toestop.**

Amerika het hierop geantwoord deur 60 „Supervestings" — die soort vliegtuie waarmee Duitse stede tydens die oorlog oordag gebombardeer is — na Brittanje oor te bring.

SKYMASTERS

Nog meer Amerikaanse Skymasters is vir die vervoer van voedsel tussen die Weste en Berlyn ingewerp sodat die totale hoeveelheid voedsel wat tans op een dag met vliegtuie vervoer word, op 2,100 ton te staan kom. Volgens Sapa-Reuter berig word nog 70 Skymasters eersdaags verwag, wat die voedselvragte na 4,600 ton per dag sal verhoog.

Die feit dat die Westerse moondhede geen geheim maak van hul onwil om tot oorlog oor te gaan in die stryd om Berlyn nie, word beskou as die oorsaak vir Moskou se hardkoppigheid. Die Russe hoop dat die Weste sal kopgee sodra oorlog onvermydelik skyn te wees.

Die Weste, veral Frankryk en tot 'n minder mate Engeland, is sielkundig en ekonomies nog nie vir oorlog gereed nie. **Volgens die ingeligte blad Review of World Affairs, kan in die volgende paar weke selfs groot arbeidsonluste in Frankryk verwag word wat van uit Moskou bestem is om saam te val met 'n „ernstige internasionale krisis". Die inligting is reeds gedurende Junie ingewin.**

# NUWE STELSEL BEPLEIT OP EENHEIDSGRONDSLAG

**Gedurende die afgelope verkiesing is die hoofvraagstukke van die land opnuut op die voorgrond gebring deur die verskillende partye wat aan die verkiesing deelgeneem het. Na aanleiding hiervan skryf 'n leidende figuur, wat ook mede-opsteller was van die republikeinse ontwerpgrondwet, onder 'n skuilnaam in Dagbreek 'n reeks artikels waarin hy die verskillende aspekte behandel.**

**Die artikels beloof te gaan onder meer oor „Diktatuur of Demokrasie"; „Republikanisme en Britse Gemenebes"; „Apartheid en Westerse Christendom"; „Sosialisme of Kapitalisme"; en ten slotte oor „Politieke Reorganisasie".**

In die eerste van hierdie reeks, onder die opskrif „Diktatuur of Demokrasie", word as volg uitgewei:

Die vorm van die toekomsstaat sal dan in die eerste plek bepaal word in die rigting van die diktatuur of die demokrasie—hoe? **Al is daar in die verkiesing baie gepraat van diktatuur, is dit seker dat niemand behalwe 'n klein minderheid kommuniste of werklike (in onderskeiding van sogenaamde) nasionaalsosialiste so iets in Suid-Afrika voorstaan nie.** Teen die kommunistiese diktatuur sal Suid-Afrika sekerlik, selfs ook in oorlog, verenigd optree.

Terwyl egter byna algemeen erken word dat diktatuur vir ons geen praktiese politiek is of was nie, dink baie mense in Suid-Afrika nog dat ons wel die demokrasie en parlementarisme en gelyke regte ens. as ideaal sonder beperking kan handhaaf.

**Maar die waarheid is dat Suid-Afrika ook nie in die volle sin demokraties kan wees nie.** Selfs wat die blankes betref, is dit onmoontlik, bv. omdat die immigrante eers burgerskap moet verdien voordat hulle dit met reg kan uitoefen, **omdat die parlement beperk moet word in sy vermoë om 'n regering oor enige toevallige kwessie tot 'n val te bring, omdat die partyleiers en die parlementslede se partygees enigsins geneutraliseer moet word en hulle gebrek aan deskundigheid grootliks aangevul moet word in volksbelang.**

GEKLEURDE RASSE

Maar as ons by die gekleurde rasse in Suid-Afrika kom, dan word dit heeltemal onmoontlik om nog te dink aan demokrasie in die gewone sin. **Hier is gelykstelling heeltemal buite die kwessie.** Te meer klem dit in die geval van die Asiatiese gekleurdes, wat bowendien ook nog 'n verdeelde lojaliteit het tussen Afrika en Asië.

Daarom noem ons die radikale demokrasie in Suid-Afrika in slegte sin liberalisties, en inderdaad is die Bolsjewiste eigelik by uitstek die moderne demokrate. **Daar moet dus 'n beleid ontwikkel word wat nie juis op demokrasie of op diktatuur gerig is nie, iets wat die goeie in albei verenig; want daar is ook in die diktatuur iets goeds.**

KRAGTIGE GESAG

Van die demokrasie bv. moet die gedagte van volksverteenwoordiging behou en ontwikkel word; en van die diktatuur moet daarby die gedagte ingelyf word van 'n kragtige regeringsgesag, van orde en volkseenheid.

**Wat bedoel word, is dat die staat in die toekoms volksverbrokkeling eerder moet teëwerk as bevorder, dat daar, met die oog op die gevare van die toekoms en die behoefte aan 'n meer algemene welvaart, 'n groter ekonomies-politieke en kultureel-politieke volkseenheid bewerkstellig moet word, deur die band van 'n kragtige volksverteenwoordigende eenheidstaat wat uitstyg uit die verskillende politieke groeperinge van plaaslike en prinsipiële aard.**

BEROEPE

Ook bo die botsende veelheid van die ekonomiese beroeps- en klasgroepe uit moet daar 'n saamvattende Raad wees van beroepsverteenwoordiging, tot bystand en raadgewing aan die Staatsowerheid.


Hierby word nie gedink aan die dooie en dodende eenvormigheid nie, maar aan 'n lewendige eenheid in verskeidenheid, waar die Staat saambindend, aanvullend en korrektief optree teenoor die selfstandige groeps-ontwikkeling op die verskillende terreine van die volkslewe.

vervolg in voorgaande kol.

Vervolg van kol. 5

So 'n beleid vereis klaarblyklik as instrument nie stryd van botsende partye nie, ook nie die strydloosheid van 'n eenpartystelsel nie; nie die vernietiging van partye nie, maar die saambinding van politieke partye en ander organisasies in so ver hulle die politiek raak, in 'n volksverteenwoordiging wat die menigvuldige volkskragte kan verenig tot doelbewuste beïnvloeding van die Staatsbeleid.

## VOORHEEN BOMME — TANS VOEDSEL




**'n Britse militêre vragmotor op die vliegveld skuif reg om die voedselvrag uit 'n Dakotavliegtuig te ontvang en daarmee af te sit na Berlyn. Elke twee minute land 'n vliegtuig in die stryd teen die Russiese blokkade. Amerika werp tans sy viermotorige Skymasters in die stryd, terwyl hy sy magtige „Supervestings" op die agtergrond laat tande wys.**

# DUIK WEKE LANK ONDER WATER

**Die Sweedse vloot doen tans proefnemings met 'n apparaat wat die Duitsers in die laaste stadium van die oorlog gebruik het. Dit is 'n uitvindsel wat duikbote in staat stel om sommer elf weke lank onder die water te bly sonder om een keer na die oppervlakte te kom.**

Die Sweedse duikboot Draken het onlangs na sy basis teruggekeer nadat dit twee weke lank onder water was en aangedryf is deur sy dieselmasjiene.

Vir die vlootowerheid was dit terselfdertyd 'n proefneming om te sien hoe 'n mens se gestel en senuwees reageer as jy verplig word om lank in klein en nou kwartiere te bly waar die toestande soos lugdruk van tyd tot tyd wissel.

In hul vrye tyd het die bemanning van 35 geslaap, gelees en na rolprentvertonings gekyk. Die spanning onder die water het wel sy uitwerking op die senuwees van die bemanning gehad, maar die skeepsdokter het nie nodig gehad om een geval te behandel nie.

Die Duitsers het tot 80 dae met behulp van hierdie apparaat onder die water gebly. Die apparaat stel die boot in staat om lug in te laat sonder die gevaar dat radar en vliegtuie die duikboot sal opspoor. Dit laat ook die gas binne in die duikboot op dieselfde manier uit.

# Goud Word Min

Die ongunstige handelsbalans van die Unie is verlede week opnuut onderstreep toe dit aan die lig gekom het dat die Unie se goudreserwe binne een week met 2.4 miljoen pond agteruit gegaan het. Die goudbesit van die Unie was verlede week slegs 88.6 miljoen pond.

# INDIËRS KLA OPNUUT

Die Indiese regering het opnuut die V.V.O. versoek om die behandeling van Indiërs in Suid-Afrika onder oënskou te neem. Die behandeling wat die Indiërs in Suid-Afrika ontvang sou 'n verbreking wees van die beginsels van die Handves van die Verenigde Volke, so word beweer.

Die Unie-regering het sy voorneme te kenne gegee om 'n afvaardiging na die vergadering van die V.V.O. te stuur wat in September in Parys vergader. Mnr. Eric Louw, Minister van Ekonomiese Sake, sal die afvaardiging lei, na Sapa berig.

# REBELLIE TEEN TRUMAN

Pres. Harry Truman se ondersteuners in die suidelike state het openlik van hom weggebreek en besluit om 'n eie kandidaat teen pres. Truman vir die presidentsverkiesing in die veld te stoot, berig Sapa-Reuter.

Die suidelike state kom in opstand teen pres. Truman se beleid van gelykstelling van Negers. Die meeste Negers is in die suide saamgetrek. Die kandidaat van die Demokratiese „rebelle" is goewerneur Thurmond Strom.

(Lees ook berig „Truman se set").